

# **Agri SA**

## **Mediaverklaring / Media Release**

Privaatsak / Private Bag X 180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

### **Droogterampfonds**

### **DROUGHT DISASTER FUND**

9 Desember/December 2015

### **Droogterampfonds**

Die huidige droogte gepaardgaande met hoë temperature is een van die ergste natuurrampe die afgelope 20 jaar. Die gevolge van die droogte het 'n negatiewe impak op die ekonomiese oorlewingsvermoë van talle boere, wat ook direkte kortermyngevolge soos voedseltekorte vir landelike gemeenskappe en spesifiek ook vir boere- en plaaswerkergesinne kan meebring. "Dit is daarom belangrik dat pogings aangewend word om diegene in hierdie moeilike situasie te ondersteun", sê Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur, Agri SA.

Senwes, een van die toonaangewende maatskappye in die land, het kragte saamgespan met Agri SA om die Droogterampfonds te stig om bystand, veral op humanitaire vlak, by te staan in hierdie moeilike tyd. Ons doen graag 'n beroep op sake ondernemings en die publiek om hierdie inisiatief te ondersteun deur bydraes te maak tot die fonds via die webblad wat daarvoor beskikbaar gestel is by [www.droogterampfonds.co.za](http://www.droogterampfonds.co.za). Die volgende betalingswyse is beskikbaar, EFT, kredietkaart, tjek-debietkaarte, SnapScam of premietarief sms teen R30 per sms. Van Zyl sê ook dat Hans van der Merwe, voormalige Uitvoerende Direkteur van Agri SA, gekontrakteer is om behulpsaam te wees met die bestuur van die fonds en die aanwending daarvan deur provinsiale organisasies.

"Hierdie inisiatief vorm deel van 'n meer omvattende poging in samewerking met verskeie belanghebbendes. Hierdie proses word tans op verskeie vlakke gedryf", aldus Van Zyl. "Ons doen weereens 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om die vermelde fonds te ondersteun. Sonder hierdie welwillendheid sal ons uiteraard nie impak kan maak op 'n droogte situasie wat tans werklik veleisend is nie".

Utgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

### **Navrae**

Mnr Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 082 417 5724

Mnr Johan Pienaar, Adjunk Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0006

## DROUGHT DISASTER FUND

The prevailing drought, accompanied by high temperatures, is one of the worst natural disasters experienced in the past 20 years. The consequences of the drought have a negative impact on the economic survival of many farmers, which in turn could have direct short-term consequences, such as food shortages for rural communities and specifically also for farmer and farmworker families. “For this reason, it is important that an attempt be made to assist those who find themselves in this difficult situation,” says Agri SA executive director, Omri van Zyl.

Senwes, one of the agribusinesses in the country, has joined forces with Agri SA to establish the Drought Disaster Fund to provide assistance, especially at humanitarian level, during this difficult time. We wish to call on businesses and the public to support this initiative by making contributions to the fund via the website created for this purpose, namely [www.droogterampfonds.co.za](http://www.droogterampfonds.co.za). The following methods of payment can be used: EFT, credit card, cheque debit cards, SnapScam or premium tariff sms at R30 per sms. Van Zyl says, Hans van der Merwe, former executive director of Agri SA, has been contracted to assist with the management of the fund and the use thereof by provincial organisations.

“This initiative forms part of a more comprehensive effort made in collaboration with various stakeholders. This process is currently being driven at various levels,” according to Van Zyl. “We once again call on all South Africans to support the fund. Without your goodwill we will be unable to have an impact on a drought situation that has started to take its toll.”

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

**Enquiries**

Mr Omri van Zyl, Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 082 417 5724

Mr Johan Pienaar, Deputy Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 082 388 0006